



# Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die Vriende van Afrikaans  
Jaargang 15, Nummer 1, Maart 2011

Doendinge vir Afrikaans  
NUUSBRIEF

Amanda de Stadler

Redakteur

Phia van der Westhuizen

Administrasie

Nolte Smit

Medewerker

Milano Drukkers

Bladuitleg en drukwerk

## Kantoor sake

**Koop-'n-Afrikaanse-boek-dag:** Vanjaar hou ons hierdie dag op Saterdag 13 Augustus. Kan ons asseblief 'n guns vra? Stuur vir ons die kontakbesonderhede van boekwinkels in julle omgewing sodat ons hulle kan vra om ook deel te neem. En besluit solank watter boek julle gaan koop. Vanjaar het Rooi Rose ingestem om ook deel te neem. Hou die Junie-uitgawe dop om te lees watter boeke bekende mense beoog om op 13 Augustus te koop vir iemand anders.

**Afrikaanse Vespers van Rachmaninof:** Moedig asseblief kore aan om een of twee van hierdie oggend- of aandgesange te sing. Die partiture is gratis op ons webwerf beskikbaar, en die lieflike CD is by ons kantoor te koop.

## ALGEMENE INLIGTING

**Straatadres:**

Banghoekweg 115, Stellenbosch  
7600

**Posadres:**

Posbus 3256, MATIELAND 7602

**Telefoon:**

021-808 3744 / 3745

**Faksnummer:**

086 617 1287

**E-posadres:**

vvaf@sun.ac.za

**Webtuiste:**

www.vriendevanafrikaans.co.za

**Bank:**

NEDBANK, Stellenbosch

Rekeningnaam: Vriende van  
Afrikaans

Rekeningnommer: 1071 318 578

Takkode: 10-71-10

**Nie-winsgewende  
organisasie:**

042-640-NPO

## leeshonde vir kinders met leesprobleme

Marieanna le Roux is besig met haar doktorsgraad in Sielkunde oor die gebruik van leeshonde om kinders met leesprobleme te probeer help. Pat (Pets in Therapy) is 'n organisasie wat werk met diereterapie. Gaan na [www.pat.org.za](http://www.pat.org.za) om meer te lees oor hierdie interessante veld wat vir gestremdes of bejaardes ook baie kan beteken. Daar kan jy ook lees hoe om jou hond te laat registreer as 'n leeshond. (-AdeS)

### LEES BINNE:

BI 2: Willem Dempsey (1914 - 2011)

BI 3: Dawid Kramer se geheim

BI 5: Boekenuus

BI 7: Afrikaans se Monumente

## Willem Dempsey

(13 Julie 1914 – 7 Maart 2011)

Die Vriende van Afrikaans eer die nagedagtenis van een van sy stigterslede, mnr Willem Dempsey. In sy dagboek staan daar aangeteken dat hy en prof Johan Combrink reeds teen die einde van 1993 by hom aan huis gesels het oor wat gedoen kan word om die agteruitgang van Afrikaans onder andere in die sakegemeenskap van Stellenbosch teen te werk. Dit het gelei tot die uiteindelijke stigting van die VVA op 26 Januarie 1994 aan die huis van "Oom Dempsey" te Murraystraat 8, Stellenbosch waar hy tot sy dood gewoon het. Oom Dempsey was tot in 2008 nog 'n getroue lid van ons Spitsraad en het nougeset gewaak oor ons finansies.

Ons sal sy liefde vir Afrikaans, sy weloorwoë spitsvondigheid en fyn waarneming van alles om hom, mis. Bowenal sal sy liefde, lus en belangstelling in die lewe, selfs op 'n hoë ouderdom, ons bybly.

Sy beskeidenheid oor sy groot bydrae tot die breër samelewing as dosent, as burgemeester van Stellenbosch, as senator en as ambassadeur was opvallend vir almal na aan hom.

Ons sal hom mis as mentor en vriend.



Mnr Willem Dempsey by sy geliefde blou Mercedes wat 'n bekende gesig op Stellenbosch was.

## Lucas Maree

Dr Frik Lombard, eindredakteur van die WAT, skryf hierdie treffende gedig oor Lucas Maree wat onlangs oorlede is:

### *Requiem vir Lucas*

in die tyd dat elke laaitie met 'n ghitaar  
eenselwige en vaal liedjies uit kan kraam  
en tog goue plate teen die mure raam,  
maak onse Lucas sy lewe klaar:  
ontvang hom, Heer, en luister gou  
hoe hy kan sing oor sy droomvrou  
en dankie dat ons hom steeds kan hoor,  
al sing hy nou in 'n ander koor

## Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans se

## Tuisleesprojek

Christo van der Rheede van die SBA skryf as volg oor hulle organisasie se projek:

Zoë van Zoar het onlangs op haar tuisdorp hiermee begin. Sy en haar sussie nooi die maatjies in die straat om smiddae in hulle huis bymekaar te kom en kinderboeke te lees. Die SBA kon onlangs danksy 'n skenking van NB-Uitgewers vir die kinders 50 nuwe kinderboeke skenk.

Die SBA wil hierdie projek nou op groot skaal uitbou. Ouers en kinders (4 - 9 jaar) word aangemoedig om deel te neem. Kontak die SBA by 021 4461378 of [Merle.vanDielmel@media24.com](mailto:Merle.vanDielmel@media24.com) vir inligting.

Burgerlike ongehoorsaamheid is nie iets waartoe ek mense wil aanmoedig nie, maar dink 'n bietjie na oor Thomas Jefferson se woorde *Dissent is the highest form of patriotism*. ([http://wiki.monticello.org/mediawiki/index.php/Dissent\\_is\\_the\\_highest\\_form\\_of\\_patriotism](http://wiki.monticello.org/mediawiki/index.php/Dissent_is_the_highest_form_of_patriotism)).

Waaroor het ek dit hier? As Suid-Afrika 'n Grondwet het wat sy burgers se taalregte beskerm, maar die regering van die dag ignoreer dit, is dit nie tyd dat ons as landburgers ons regte opeis nie?

As ek 'n ingewikkelde Engelse brief van SARS kry, hoekom buig ek die knie en antwoord ewe gelate in Engels?

As ek deur die nuwe Kaapse stasie loop en ek sien geen woord Afrikaans of isiXhosa op enige kennisgewingbord nie, hoekom skop ek nie 'n kabaal op nie? Waar is die heersers van die Wes-Kaap in hierdie en nog baie ander gevalle? Dit help nie hulle vertoon hulle meertaligheid net van verhoë af wanneer hulle ons stemme nodig het nie. Politici vergeet dis ons wat hulle salarisse betaal en dis ons land en sy inwoners wat deur hulle verniel en verontreg word. Dit is nie hulle s'n

om te breek nie.

Hoekom is ek tevrede as ek van Sanparke se wonderlike oorde gebruik maak (bv. Karoo Nasionale Park) met die slegs Engelse amptelike kommunikasie, terwyl die personeel feitlik almal Afrikaanssprekend is?

Maar ons kan nie net die regering blameer nie. Hoekom noem ons ons gastehuse *Lekkerbly of Slakkepas Guesthouse*? Watter uitlander gaan nie weet wat beteken die woord gastehuis nie? Hoekom gee ons ons winkels en restaurante so maklik Engelse name? (Ek praat nie van Engelse mense wat die reg het om hulle eiendom te noem wat hulle wil nie.)

Dis so lekker om 'n restaurant raak te loop op Zastron met die naam *Kotteljonsie* (met 'n egte Kleinhuisie in die agterplaas). Of 'n padstal genaamd *Kadoesie*.

Wat vra die VVA eintlik van sy lesers? Ons sal Afrikaans net in die openbare oog hou as ons op alle lewensterreine daarvoor vra en dit gebruik wanneer ons dinge moet name gee. Maar, ons sal kreatief te werk moet gaan want ons moet mense oortuig dat Afrikaans die moeite werd is om te respekteer of selfs aan te leer.

En dan bly die opsie van burgerlike ongehoorsaamheid nog altyd in my agterkop maal...

## Dawid Kramer

Dawid Kramer het op 12 Maart met 'n groep jongmense kom gesels oor die manier waarop hy te werk gaan wanneer hy lirieke skryf. Dit was baie insiggewend en lekker om Dawid in so 'n klein groep te kon beleef. Hier is my opsomming van enkele van die wenke wat hy gegee het:

- Die Afrikaans wat jy gebruik moet klink soos mense dit praat. Moet dus bv. nie die dubbele nie uitlaat nie. (Luister na Dawid se liedjies en leer hoe hy dit doen.)
- Stel jouself oop aan die omgewing om jou. Moenie net sit en TV kyk of rekenaarspeletjies speel nie. Dink oor wat

jy hoor en sien en vra vir jouself vrae daarvoor. Dis hoe jy idees kry.

- Moenie bang wees om foute te maak nie – skryf en speel en sing!
- Probeer om nuwe invloede in jou lirieke en manier van speel te gebruik – neem waar wat ander mense doen.
- Skryf jou idees in 'n notaboek op voor jy vergeet – so twee maal per week.
- Maak 'n plakboek van dinge wat jou opval of jou aandag getrek het.
- Gebruik rym want dit laat mens beter onthou, maar moenie opvallende rym gebruik nie. Kies iets wat die luisteraar se aandag sal vasvang. (-AdeS)

# NUUS VAN ONS TAKKE

## Jeffreysbaaitak

Vriende van Afrikaans staan nog sterk op Jeffreysbaai. Die tak is aan die werk en ons het baie idees vir die nuwe jaar. **Frikkie Sutherland**, die voorsitter, laat weet:

Die bestuur vir 2011 is as volg saamgestel: Dagbestuur: Frikkie Sutherland, voorsitter; Derek Drake, visevoorsitter; Theunette van Staden, sekretaresse; Bertus Jordaan, sentmeester (oulike woord –AdeS!); Bennie du Preez, addisionele lid. Die volgende persone dien ook nog op die bestuur: Kas Terblanche, Beulah Prinsloo, Veronica van Tonder, Anneke Bester, Beauna Schenk en Vic Venter.

Vriende van Afrikaans, Jeffreysbaai het vir hom die volgende doelwitte vir 2011 gestel :

Ons wil vanjaar:

1. ons ledetal met 50% verhoog;
2. sigbare erkenning gee aan besighede wat ons taal eerbiedig en bevorder;
3. meer Afrikaanse boeke versamel vir skenking aan die plaaslike biblioteek;
4. finansiële hulp gee aan Afrikaanse leerlinge wat swaarkry, en
5. vra dat elke lid Afrikaans op alle lewensterreine moet bevorder.

Om hierdie doelstellings te bereik, het ons die volgende program in gedagte vir die jaar:

**4 Februarie** : Vrugtefees;

**15 April** : Langarm-sokkie vir ons jonger mense (party 'ou mense' gaan dalk voor in die koor sokkie!);

**11 Junie** : Kleuterkapperjolle;

**12 Augustus**: Viering van Taaldag en

**14 Oktober**: Afsluitingsfunksie.

Tydens die afgelope vrugtefees het dr Danie Langner, Marietjie Smit en Zieg van Huyssteen van Solidariteit Helpende Hand ons as gassprekers besoek. Ons het 'n goeie opkoms gehad en daar was baie groot waardering vir die werk wat hulle doen. Die aand was so geslaag dat ons R1 000 aan Solidariteit Helpende Hand en

ongeveer dieselfde bedrag aan Laerskool Jeffreysbaai kon skenk om Afrikanerkinders in finansiële nood te help. Ons hoop om later in die jaar nog bydraes in die verband te maak.

Die langarm-sokkie vir 15 April is 'n nuwigheid. Op Jeffreysbaai is daar baie min geleenthede waar die jonger Afrikaner nog 'n regte Boere-opkop kan bywoon. Omdat die bestuur 'n verjongingskuur ondergaan het, het die jonger garde gevoel dat ons iets in die vorm van 'n familie-aand in die nuwe saal van die Laerskool Jeffreysbaai moet aanbied. Ons probeer om die Boeremusiekgilde van Port Elizabeth te kry om die musiek te verskaf. Hou asseblief duimvas dat dat die aand 'n sukses sal wees.

Verlede jaar was die Kleuterkapperjolle 'n baie groot sukses. Ons het vanjaar 'n paar skole bygenooi om deel te neem. Ons is vol vertroue dat dit weer vanjaar so geslaagd gaan wees. Ons het reeds besluit om benewens die ander Afrikaanse leermateriaal ook 'n kopie van *SINGENDE KINDERS IS GELUKKIGE KINDERS* aan elk van die skole te skenk.

Vir die viering van Taaldag beplan ons 'n program waartydens plaaslike kunstenaars sal optree. Ons wil graag ons eie mense die geleentheid gee om hulle talente in ons midde tot voordeel van ons taal te beoefen. (Onthou van Koop-'n-Afrikaanse-boek-dag op 13 Augustus! –AdeS)

Voorlopig beplan ons 'n spitbraai tydens ons afsluitingsfunksie. Op ons laaste bestuursvergadering het ons ook besluit om 'n webwerf vir Vriende van Afrikaans te Jeffreysbaai te skep.

(Baie dankie aan Frikkie en sy mense vir hulle harde werk en toewyding. Julle maak ons sommer lus om Jeffreysbaai toe te trek! –AdeS)



Solidariteit Helpende Hand besoek die Jeffreysbaai-tak van die VVA. Van links na regs staan Zieg van Huyssteen, Marietjie Smit, dr. Danie Langer van Solidariteit en Frikkie Sutherland, voorsitter van die VVA-tak.

# Boekenuus

*elektronies*

## CTeXt en Pharos medewerking dra by tot veeltaligheid

Pharos Woordeboeke, 'n afdeling van NB-Uitgewers, het onlangs die nuwe sagtewareweergawe van die Multilingual Illustrated Dictionary vrygestel. Hierdie sagteware belooft om die aanleer van 'n nuwe woordeskat in groot pret te omskep. Die CD-ROM, gebaseer op die boek deur John Bennet en Nthuseng Tsoeu, is deur die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXt®) op die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit ontwikkel.

CTeXt het 'n interaktiewe platform geskep waar gebruikers die voordele van die oorspronklike woordeboek se inhoud op nuwe maniere kan benut. Terwyl elke illustrasie in die boek se benaming in al sewe tale gegee word, kan die leerervaring nou pasgemaak word deur slegs die taal van jou keuse te aktiveer. Klankgrepe van meer as 3 300 woorde en frases uit elk van die sewe tale (English, isiZulu, Sesotho, isiXhosa, Setswana, Afrikaans en Sepedi) vergemaklik die aanleer van die korrekte uitspraak. Nog 'n belangrike kenmerk van die sagteware is vyf woordspeletjies wat gebaseer is op die boek se inhoud en kleurvolle illustrasies. Hierdie speletjies verbeter die onthou vermoë en verskaf vermaak. Die interaktiewe aard van die sagteware help met die ontwikkeling van lees- en skryfvaardighede. Die sagteware is maklik om te installeer, eenvoudig om te gebruik en word vergesel van 'n volledige gebruikershandleiding.

“Ons is baie opgewonde oor hierdie sagteware-produk. CTeXt, die ontwikkelaars van die sagteware, het die oorspronklike inhoud van die Multilingual Illustrated Dictionary in 'n nuwe ervaring omskep: om na die uitsprake van al die woorde in al sewe verskillende tale te kan luister, is een van die bykomende eienskappe van die CD-ROM wat die leerervaring geweldig versterk,” vertel Wanda Smith, uitgewer by Pharos Woordeboeke.

Handré Groenewald, projekteier by CTeXt, sê: “Die sagtewareweergawe van die Multilingual

Illustrated Dictionary is 'n produk van die samewerking tussen CTeXt en Pharos Woordeboeke. Hierdie ervaring beklemtoon die moontlikhede wat tot stand kom wanneer taaltegnologie-ontwikkelaars kragte saamsnoer met uitgewersfirmas. Ons het met hierdie projek die inhoud van die Multilingual Illustrated Dictionary omskep in 'n formaat wat hopelik meer Suid-Afrikaners sal aanmoedig om 'n nuwe taal op 'n prettige, interaktiewe wyse aan te leer.”


Die Multilingual Illustrated Dictionary CD-ROM is beskikbaar by On The Dot:  
(orders@onthedot.co.za; 0800 220 224)  
of Bowline (021 550 9700).

# Boekenuus

## Basic Afrikaans sien die lig!

Die Vriende van Afrikaans het die WAT in 2009 genader om 'n lys van die 1000 nuttigste woorde in Afrikaans saam te stel wat iemand sal nodig hê om oor die weg te kom in 'n oorwegend Afrikaanse omgewing. Ons het gevoel ons wil iets doen vir die Engelstalige en anderstalige studente aan ons universiteite wat sukkel met Afrikaans. Hierdie interessante nuwe woordelys gee meer inligting as enige bestaande Eng-Afr woordeboek, met bv. voorbeeldsinne in Afrikaanse én Engels. Dit is op 7 Maart 2011 tydens die Woordfees op Stellenbosch bekendgestel en word uitgegee deur Pharos.

Onderstaande illustreer die struktuur van die boekie. Basic Afrikaans is by boekwinkels beskikbaar teen R99,95.



## ☆ NET 'N MA? ☆

My vrou was besig om haar lisensie by die munisipale verkeerskantoor te hernu, toe die klerk vra watter tipe beroep sy beoefen. Onseker hoe om die vraag te beantwoord, huiwer sy .... “Wat ek bedoel,” sê die klerk, “het u 'n werk of is u net 'n ...?”

Natuurlik het ek 'n werk, “sê my vrou blitsig. Ek is 'n Ma.”

“Ons lys nie Ma's as 'n beroep nie, maar Huisvrou sal goed wees”, stel die klerk met empatie voor.

Sy het totaal en al van die storie vergeet tot eendag, toe sy haar weer in dieselfde situasie bevind het, dié keer by die Stadsraad. Die klerk het na 'n professionele vrou gelyk, selfversekerd, bekwaam, en seker in besit van een of ander hoë en belangrike titel, iets soos Interrogasie-beampte of Stadsregistrator.

“Wat is u beroep?” het sy belangrik-onderzoekend gevra. Wat my vrou dit laat sê het, weet ek nie, maar die woorde het net eenvoudig by haar mond uitgekóm:

“Ek is Navorsingsassosiaat in die studieveld van Kinderontwikkeling- en Arbeids-verhoudinge.”

“Mag ek vra”, sê die klerk met nuwe belangstelling, “wat presies doen u in u veld?”

Rustig, sonder enige teken van verbouereerdheid in haar stem, het sy haarself die vraag hoor antwoord: “Ek het 'n voortdurende program van navorsing, (watter ma het nie?) in die laboratorium en in die veld (normaalweg sou sy sê binnenshuis en buitenshuis).”

“Ek is besig met my Meesters, (eerste die Here en dan die hele familie) en ek het alreeds vier toekennings (almal dogters). Hierdie werk is natuurlik een van die mees veeleisende beroepe in die geesteswetenskappe, (enige ma wat wil stry?)”

“Ek werk gereeld 14 ure per dag, (24 is meestal die geval). Maar die werk is 'n groter uitdaging as die meeste alledaagse beroepe en die vergoeding is eerder die satisfaksie wat ek daaruit kry, as die geld.”

Daar was 'n duidelike toon van respek in die klerk se stem nadat sy die vraelys verder voltooi het, opgestaan, en my vrou met die hoogste agting persoonlik tot by die deur vergesel het.

Toe my vrou by die huis kom, opgeruimd met haar nuwe skitterende beroep, word sy gegroet deur haar laboratoriumassistente, 13, 7 en 3 jaar oud. In die slaapkamer kon sy ons nuwe eksperimentele model (6 maande oud) in die kinderontwikkelingsprogram hoor, wat besig is om 'n nuwe vokale patroon uit te toets. Sedertdien het sy 'n konstante behaaglike glimlag op haar gesig, gevoed deur haar oorwinning oor die burokrasie. En sy is nou op die amptelike munisipale rekords vasgelê as iemand wat meer uitmuntend en onmisbaar aan die mensdom is as net nog 'n Ma'.

Moederskap! Wat 'n wonderlike beroep! En om te dink ek het my vrou gehelp om daardie titel te verwerf. Ek is somer lus en skryf dit op 'n goue bord op ons slaapkamerdeur!

(Bron onbekend)

## Borg 'n Woord

Al sluit hierdie kompetisie op 21 Maart, kan jy steeds jou naam verewig in die WAT deur 'n woord of twee te borg teen R100 elk. Hiervoor kry jy dan ook 'n sertifikaat. As jy R5000 betaal, is dit jou woord alleen!

Daar is nog derduisende woorde oor om te borg en die lekkerste produktiewe vloekwoorde is nog baasloos. Laat kom die rande en help ons taal opskrywe vir die nageslag. (-AdeS)

## Taaltoffies

Ken jy die volgende woorde se oorsprong?

**Polvy**

**Grasweduwee**

**Krokodiltrane**

# Help bou aan 'n gesonde samelewing

- Nolte Smit

Baie mense wil graag iets vir 'n medemens DOEN om 'n verskil in sy of haar lewe te maak, maar waar begin ek? Daar is natuurlike vele plekke waar u kan help, maar ons verskaf 'n paar iees wat verband hou met die missie van die Vriende van Afrikaans.

Laat ons dit duidelik stel! Dit wat u DOEN hoef nie 'n plaas se prys te kos nie. Ook nie dat u dinge moet doen waarvoor u nie lus is of opgelei is nie. Ook nie dat u u hoef vas te bind aan 'n vaste roetine nie. Kies daardie sake wat u sak pas (maar meeste van die projekte gaan u nie enig iets kos nie!), wat by u persoonlikheid, opleiding en vaardighede pas en waar u u eie skedule kan bepaal!

Identifiseer die plek waar u wil/kan gaan help soos byvoorbeeld die plaaslike skool (veral vir die jonger grade), by 'n ouetehuis, in die hospitaal of by 'n persoon wat in u buurt woon en nie meer kan beweeg of self kan lees nie.

Bied aan om daar:

1. te gaan voorlees uit 'n boek, tydskrif of koerante;
2. op 'n gereelde grondslag (byvoorbeeld een maal per week) die boeke en tydskrifte te gaan regpak;
3. te gaan help met die herstel van boeke by die plaaslike biblioteek, ouetehuis of skool, of
4. om te help met die maak van (byvoorbeeld) kostuums vir die skool se toneel- of musiekopvoering.

Ek hoop dat ek u aan die dink gesit het. Nou kan u verder borduur en iets vind om te DOEN waarvoor u lus is en waar u 'n verskil kan gaan maak!

Vra Vriendelik vir Afrikaans

## Afrikaans se monumente



Ek wonder of daar nog 'n taal in die wêreld is waarvoor daar twee monumente opgerig is, naamlik die Taalmonument in die Paarl en die minderbekende een in Burgersdorp. Op die foto bo sien mens die nuwe beeld voor en die beskadigde beeld agter. Die foto onder vertel die geskiedenis van die monument. (-AdeS)



OORSPRONKLIKE TAALMONUMENT  
OPGERIG IN 1893.

BESKADIG EN WEGGEVOER DEUR DIE VYAND  
VAN DIE AFRIKANER IN DIE OORLOG 1899 – 1902  
IN 1939 TERUGGEVIND IN KINGWILLIAMSTOWN  
WAAR DIT BEGRAWE WAS.

IN ERE HERSTEL  
DEUR DIE AFRIKANERS VAN BURGERSDORP  
OP 10 OKTOBER 1957.

“DAT DIE ERWE VAN ONS VAAD'RE  
VIR ONS KINDERS ERWE BLY”

GESKENK DEUR AVBOB

# Floumakoue en Pronkpoue

Neels du Plooy van Citrusdal se mening:

Ek dink dat Kobus Wiese en sy twee medewerkers 'n pronkpou verdien vir hulle Rugbyprogram op Maandagaande op Kyknet. Dis opvallend hoe hulle regtig probeer om Afrikaans suiwer te praat en bewustelik suiwer Afrikaanse terme gebruik. Kyk (luister) gerus eers self daarna.

'n Floumakou aan heelparty van die jonger Afrikaanse predikante wat Sondae op die kansel Afrikaans en Engels so deurmekaar praat dat mens kan huil daarvan. Probeer hulle op die manier kasting aansluit en gewild wees by die jonggeslag? Gee sommer terselfdertyd 'n floue aan die aanbieders van Afrikaanse "Gospel" programme wat ewe deurmekaar met die Afrikaans en Engels omgaan.

## Petunia Primêr sê dankie vir hulle pragtige rooi biblioteek!

Lees is lekker, wat die tema is van die biblioteek wat by Petunia Primêr op die been gebring is. Dit weerspieël die doel met die skep van die skoolbiblioteek. Hiermee word geleenthede geskep vir ons kinders (hoofsaaklik uit die agtergeblewe gemeenskappe van Kraaifontein) om genot te put uit die lees van boeke. Boonop sal dit daartoe bydra dat die kinders iets nuttigs kan doen vir ontspanning en hopelik sal dit daartoe lei dat hulle ook vaklektuur lees in die toekoms. 'n Gulde geleentheid word geskep vir kinders om ander wêreld te betree en tydelik te ontvlug uit die hede.

Deur u betrokkenheid en ruim donasie het die biblioteek 'n werklikheid geword.

Baie dankie vir u besondere bydrae en deernis!

Waarderend

Mnr Raymond Foster (hoof), Personeel en Vrywilligers - Petunia Primêr

## Publikasiegeleentheid in Amerika

Dr Jacques du Plessis skryf:

Ek het 'n oop leerwebwerf geskep [www.openlanguages.net](http://www.openlanguages.net), en ek verwelkom enige digter of skrywer om hulle werke voor te lê vir publikasie.

Julle sal sien dat ek kosbare stukkies van Diana Ferrus en Lennie Koza daar het. Nou dat Leonard oorlede is, is ek so dankbaar dat ons die werke het vir die nageslag.

As julle kan, stuur vir my 'n fototjie van jousef, asook 'n 'n brag-stukkie, of te wel 'n bietjie biografiese inligting, en as jy wil, kontak inligting vir mense wat met jou wil kontak maak.

Hoeveel gedigte kan jy aanbied? Dis redelik oop. Onthou net een ding asb.

Die gedigte moet geskik wees vir skoolkinders, so as jy die sondes in detail beskryf, gaan ek daai gedig in 'n doekie moet toedraai en op die voorstoep los.

Laat hoor van julle mense, ek sien uit na julle bydraes.

Laastens, ek is ook sterk op soek na kortverhale en kinderstories.

Gaan besoek <http://www.openlanguages.net/afrikaans/culture/literature/poetry/>

(Dr. Jacques du Plessis, School of Information Studies University of Wisconsin (UWM) Bolton 510, 3210N Maryland Ave Milwaukee, WI, 53211)



## Jefferies Malligheid

(Francois Bouwer, Graad 10)

Dit is 'n koue Julie-oggend, die diepseestorms wemel, en die landbries waai.

Ek maak vir my 'n koppie koffie op die vuur – die son is nog nie op nie. Ek trek my 4/3 Xcel-natpak aan, en ek waks my 6'5" – dit is groot, ek kan dit hoor, hulle kraak.

Die son kom op en steek die branders se groen lantern aan. Dit is ten minste 8 vt. aan die agterkant, my maag trek 'n tou net om daaraan te dink.

Ek weet ek sal myself haat as ek nie ingaan nie; dus vat ek my kans, en gaan in saam met die eerste mense wat gekom het, net voor sonop. Die tunnels is oop en die lip val soos die galg.

Ek sit bo by *Graveyards* en wag vir my eerste brander. Ek weet hoe vinniger ek 'n brander kry, hoe minder is die vrees.

Die eerste stel rol in. Ek besluit ek vat nie die eerste een nie, want dan moet ek nog drie agter hom op my kop vat as ek val, of hom nie maak nie. Goeie keuse, want daar is 'n 10 vt. een agter hom.

Ek draai om en ek gee gas. Hy lig my hoër, hoër; dit voel soos die hele oseaan wat oopmaak, hy stoot my met 'n vors en ek spring op. Ek kyk hom uit, en sien die eerste seksie kom. Met spoed wat

ek nie geweet het 'n mens op 'n brander kan maak nie, druk ek my hand in die water en skiet myself op na die lip, skiet op, en slaan hom soos hy kraak, en kom af met so 'n spoed. Die brander wal op, en gooi homself oor my, en ek maak myself klein in sy tonnel. Ek voel hoe hy die lug insuig en my uitspoeg met al sy krag, net vir hom om my weer te omhul, dieper, dieper, vinniger, vinniger, oor en oor en oor tot jou kop bars.

Wanneer jy op die grens van perfeksie en katastrofe hang, is jy in direkte aanraking met God.

### Vrae aan lesers:

1. Is die gebruik van die komma voor en in hierdie opstel funksioneel?
2. Watter metafore gebruik die skrywer?
3. Hoekom dink jy beskou die skrywer 'n brander as manlik? Wat is die onsydige vorm in Afrikaans?
4. Wat bedoel die skrywer met "Die brander wal op"? Wat doen die skrywer met die naamwoord wal om hierdie beeld te skep? Kan jy aan nog sulke voorbeelde dink?

(Baie dankie aan Francois vir hierdie treffende beskrywing van 'n branderplankrit. Hy gebruik gewone woorde vars, ongewoon en kreatief. Francois, jy het skryftalent wat jy definitief moet ontwikkel! -AdeS)

### Lig op 'n chirurg se pad deur dr Muller Botha

Hierdie interessante lewensgeskiedenis en getuienis van bogenoemde bekende torakschirurg en dosent het onlangs verskyn. Dis die besielende verhaal van 'n lewe van diens aan die mensdom. Vir besonderhede kan dr Botha gekontak word by 021 8500815.

## SAAMLEESUUR

Die VVA en ATKV Wes-Kaap begin in April om elke Dinsdag vir voorskoolse kinders 'n saamleesuur, die Leesfees, te hou. Kinders en ouers is welkom. Hierdie projek kan maklik op ander plekke ook gedoen word.

Daar is altyd 'n tekort aan geld en boeke. As jy kan help voorlees, kinderboeke kan skenk (van jou kinders wat al groot is se boeke) of 'n los geldjie het, kontak ons asseblief. Ons moet ons land se kinders aan die lees kry en ook van die strate af hou. (-AdeS)

### Meertaligheid op sy beste!

Die volgende twee name is onlangs gesien:

**Bakgat Butchery**  
**Koffieshoppe**

(Dis beter as net Engels, of wat sê ek? –AdeS)

### Die Referendum

Die spookreferendum begin,  
In maanlig waar hul moet besin.  
(In die kerkhof het almal gewag,  
Want geeste is bang vir die dag.)

Grafstene is almal betree,  
En spoke moet stem ja of nee.  
Die vraag is nou onder die maan:  
"Dink jy dat mense bestaan?"

(deur Edwin Clarke uit *Stemme uit die Suiderland V*, GHA Uitgewers, 012 335 3321)

Vra Vriendelik vir Afrikaans

# TAALTOFFIE - OPLOSSING

## Polvy:

Hak van 'n skoen. Uit Nederlands pollevij (1645). Word waarskynlik so genoem omdat dit aan die skuins opstaande stand van 'n oop ophaalbrug herinner.

## Grasweduwee:

Leenwoord uit Engels of uit Nederlands. Tydens die Engelse besetting van Indië is Engelse vroue in die warm somermaande na hoërliggende grasgebiede gestuur waar dit nie so warm was nie.

## Krokodiltrane:

Geveindsde trane of enige opvallend simpatieke gebaar waarmee onopregte gevoelens verberg word.

Uit Nederlands (ongeveer 1610), so genoem omdat die geveindsde of onopregte gebaar herinner aan die Middeleeuse geloof dat 'n krokodil tussen die riete skuil en dan die gehuil van 'n kind namaak om sodoende iemand wat kom ondersoek instel, te gryp. Wanneer hy sy prooi verslind, stort hy boonop trane. Dit gebeur glo omdat die traankliere van 'n krokodil baie vloeistof afskei wanneer hy vreet.

## OULIKE WOORDE

Prof Nico Luwes vra uit Bloemfontein:

Wat is 'n ander woord vir oumenspensioen? **Kieriegeld** – Prof Wannie Carstens van die ATR sê hy begin oor drie jaar kieriegeld trek.

Wat is 'n **tokkelokkie**? Dis 'n “flash disk” of geheuestafie (dingetjie met 'n groot brein en nou verwant aan die tokkelossie, d.w.s. 'n baie slim klein mannetjie vol geheimenisse!). So slim soos 'n dominee, Nico? –AdeS

Vir baie vollediger inligting raadpleeg EVA (Etimologiese Woordeboek van Afrikaans) met GJ van Wyk as Tegnieuse Redakteur. Hierdie woordeboek is 'n skatkis van inligting en 'n wonderlike geskenk. Kontak die WAT by 021 887 3113. Kom ons begin weer hierdie kleurrike woorde gebruik sodat ons kinders dit ook kan aanleer en leer gebruik! (-AdeS).

## KOOPDINGE in AFRIKAANS

Die volgende items is by die kantoor te koop:

- 1 CD: Ou Vriende** (Dubbelalbum) van Afrikaanse kunstenaars en kore teen R100.00
- 2 Boek: Dae uit ons Geskiedenis** teen R230.00
- 3 Voetslaankaart van Tafelberg** teen R20.00
- 4 Pieter van der Westhuizen Huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160.00
- 5 DVD: Die Leeu van Wes-Transvaal - Generaal Koos de la Rey** ('n dokumentêr) teen R100.00
- 6 CD: Vespers van Rachmaninof in Afrikaans** teen R120.00
- 7 Basic Afrikaans - the top 1 000 words and phrases** teen R99.95.

(R20.00 per bestelling moet ongelukkig gehef word vir posgeld en verpakking.)



Laat weet ons asseblief van enige adresveranderinge, en ook as u die nuusbrieff liewer per e-pos wil ontvang. As u sou wou, kan u Doendinge gerus dupliseer en verder versprei.